AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

*No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.*

Ser.

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1986

# AGROCON LANVOKON '86

LANDBOUVOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1986

**PRESENTED BY —**

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agricultural Economics and Marketing
- Department of Agriculture and Water Supply
- National Marketing Council
- SA Agricultural Union

## CSIR CONFERENCE CENTRE
## Pretoria

10 AND 11 FEBRUARY 1986

# DIE BLOMBEDRYF VAN S.A.

Dr D I Ferreira
N I Tuinbou, Pretoria

Z

## 1. Inleiding

Die blombedryf in Suid-Afrika is waarskynlik die mees onderskatte faset van die landboubedryf in die land. Dié wanopvatting kan aan die gebrekkige identifikasie van die bedryf toegeskryf word. Die sogenaamde blombedryf word beter omskryf deur die term "Ornamentele Tuinbou". Dié bedryf kan in verskillende sektore opgedeel word naamlik: (a) Snyblomme; (b) Potplante; (e) Ornamentele Bolle; (d) Sierstruike en Blomplante (beddingplante); (e) Blomsteggies; en (f) Blomsaad.

Aangesien die ornamentele tuiboubedryf nog nie voorheen op die LANVOKON onder die loep geneem is nie, is dit nodig om 'n beknopte samevatting van die ontwikkeling van die bedryf oor die laaste 15 jaar te verskaf.

## 2. Bedryfsoorsig (1970 - 1985)

Die bruto waarde van die bedryf was slegs R7,87 miljoen in 1970. Sedertdien is die bedryf egter gekenmerk deur 'n skouspelagtige groei - dermate dat die geraamde bruto waarde van die bedryf vir 1985, R181,5 miljoen was. Die bedryf is veral gekenmerk deur 'n toename in die aantal kwekers in die dekade vanaf 1970 tot 1980. Alhoewel dié toename voortduur, is die groei in die laaste aantal jare meer vertikaal (m.a.w. - 'n toename in die grootte van die kwekerye) en minder horisontaal ('n toename in die aantal kwekerye). So het die aantal geregistreerde kwekerye vanaf 2656 in 1979/80 slegs tot 2800 in 1983/84 toegeneem. Die groei was veral skouspelagtig in die snyblom-, potplant- en sierstruiksektore. Hierdie inisiële groei het gepaard gegaan met 'n toenemende binnelandse verbruik, alhoewel uitvoere ook toegeneem het van 'n geraamde R1,5 miljoen in 1970 tot ongeveer R14 miljoen in 1985. Die belangrikste uitvoerprodukte is Proteas en ander Kaapse blomme (veral loof en varings), blombolle, ander snyblomme (rose, angeliere, krisante, swaardlelies, liatris ens.) asook blomsteggies (krisante en pelargoniums).

2/...

Die R.S.A. was in 1983 die derde grootste uitvoerder van blombolle na Holland - 'n land bekend vir boluitvoere! 'n Totaal van 83,6 miljoen bolle is in 1976 na Europa en die VSA uitgevoer en dié syfer het aangegroei tot 106 miljoen vir die 1983/84 seisoen. Daar is voorts sterk aanduidings dat dié groei kan toeneem vanweë 'n hernude belangstelling in Europa vir Suid-Afrikakanse blombolle. Die ontwikkeling van verskeie cultivars van sommige Suid-Afrikaanse blombol genera deur die Navorsingsinstituut vir Tuinbou vorm die basis vir hierdie optimistiese vooruitskouing.

## 3. Die 1985 Seisoen

### Produksie

Die produksieseisoen van die ornamentele tuinboubedryf strek oor die hele jaar in die meeste sektore, vanweë die groot verskeidenheid van produkte wat gelewer word. Die statistiek is normaalweg moeilik bekombaar en word dikwels vir 'n kalenderjaar verskaf, of val saam met die finansiële jaar van die staatsdepartemente.

Die sterk groei wat die bedryf gekenmerk het, is in die 1985 seisoen ietwat getemper deur dieselfde faktore wat ook ander landboubedrywe beïnvloed het, nl. die ekonomiese resessie en die gepaardgaande droogte. Dit is 'n uiters intensiewe bedryf - ook arbeidsintensief en prysstygings (kunsmis, brandstof ens.) het die bedryf nadelig geraak. Die positiewe groei wat gehandhaaf is, kan toegeskryf word aan verbeterde bestuurs- en verbouingspraktyke. Die lewering van 'n goeie gehalte produk is van kardinale belang.

Kwekers wat nie die gehaltevereistes kon nakom nie, het in die afgelope seisoen bemarkingsprobleme ondervind. Daar is egter 'n sterk tegnologiese ontwikkeling in die bedryf in dié sin dat 'n toenemende aantal produsente (veral vir snyblomme en potplante) beskermende strukture (kweekhuise) oprig, waar kweektoestande beheer kan word. Die koste verbonde aan die oprig van hierdie strukture is egter baie hoog en beloop ongeveer R50 per m².

### Plaaslike en oorsese mark

Die markaanvraag vir snyblomme en potplante is steeds goed ten spyte van die swak ekonomiese klimaat. Dié verskynsel kan toegeskryf word aan die feit dat hierdie produkte 'n goeie plaasvervanger vir duur geskenke is. Die sierstruike en blomplant-sektor is egter nadelig geraak deur die waterbeperkings vir huistuiniers sodat 'n minder sterk groei beleef is. Die ontwikkeling van tuinsentra het egter 'n beter bekendstelling van die produkte en 'n gevolglike verhoogde omset, tot gevolg.

Die Rand-Dollar wisselkoers het uitvoere in die afgelope seisoen gestimuleer en die aanduidings is daar dat 1985 'n rekord uitvoerseisoen was. Die seisoenale verskille tussen die Noordelike- en Suidelike Halfrond, skep goeie uitvoergeleenthede vir Suid-Afrikaanse produsente om vanaf November tot en met Moedersdag in Meimaand, blomme na Noord-Amerika en Europa uit te voer.

Pryse

Pryse in die bedryf het soos in alle ander bedrywe ook 'n jaarlikse styging getoon. Die prysstygings is egter betekenisvol laer as in baie ander sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Prysstygings van kunsmis, brandstof, motorbande ens. kan egter net gedeeltelik deur die produsente geabsorbeer word en verdere prysstygings in 1986 is onafwendbaar.

Toekomsblik

Die ornamentele tuiboubedryf het in die verlede bewys gelewer van 'n merkwaardige groeikragtigheid. Hierdie tendens sal ongetwyfeld voortduur, veral namate swart en bruinmense meer "plantbewus" raak. Vanweë die arbeidsintensiewe aard van die bedryf verskaf dit werksgeleenthede aan 'n groot aantal halfgeskoolde en ongeskoolde arbeiders. Uiteraard is daar hier nie veel sprake van strategiese waarde nie, maar die uitsonderlike ekonomiese potensiaal van die inheemse flora, bied groot moontlikhede vir die toekoms. Die bedryf sal veral tot 'n groot verdiener van buitelandse valuta ontwikkel.

Dit is egter ook duidelik dat om die verdere ontwikkeling van die

plaaslike bedryf in die toekoms te waarborg, en veral daar die uitvoergedeelte daarvan al hoe belangriker word, die bedryf ernstig aandag aan sekere aspekte sal moet gee. Die aspekte is o.a. dat kundigheid t.o.v. kweek van blomplante sal moet tred hou met die vereistes van moderne tegnologiese ontwikkelings en tweedens dat nuwe blomplante geskep word wat die plaaslike bedryf 'n voorsprong op oorsese konkurrente sal gee. Hier word veral oor ontwikkeling van inheemse wilde blomplante gedink.

Om in die toekoms te slaag, sal die bedryf ernstige aandag aan die aspekte moet gee, veral gesien vestiging van blomproduksie in ander Afrika en Suid-Amerikaanse lande nader aan Europa en die VSA deur produsente in die noordelike halfrond. Hierdie ontwikkeling is direk op die produksie in die gebiede gemik gedurende die noordelike winter, d.w.s. in dieselfde tyd wanneer Suid-Afrika weens sy klimaat die voordeel van produksie vir Europa en die VSA het.

Meneer die Voorsitter, gesien die vordering van die plaaslike bedryf wat gehalte en kundigheid betref, is ek seker dat Suid-Afrika nie net sy posisie sal handhaaf nie, maar dit nog gaan verbeter in die jare wat voorlê.

# Z

UITEENSETTING VAN DIE ORNAMENTELE TUINBOUBEDRYF IN DIE R.S.A.
(WAARDE - X R MILJOEN)

| PRODUK | 1970/71 | 1975/76 | 1980/81 | 1984/85 |
|---|---|---|---|---|
| Snyblomme | 2,80 | 9,50 | 20,00 | 50,00 |
| Potplante | 1,00 | 5,80 | 12,00 | 22,50 |
| Ornamentele bolle | 1,44 | 2,90 | 4,00 | 6,60 |
| Sierstruike en blomplante | 1,78 | 6,50 | 22,00 | 100,00 |
| Steggies | 0,80 | 1,20 | 1,9 | 2,30 |
| Blomsaad | 0,05 | 0,07 | 0,10 | 0,12 |
| TOTAAL | 7,87 | 25,97 | 60,0 | 181,52 |

STATISTIEK OOR ORNAMENTELE BOLLE VIR UITVOER

| Jaar | Area onder verbouing | | | Aantal bolle uitgevoer (X 1 miljoen) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Winterbolle | Somerbolle | Totaal | Winterbolle | Somerbolle | Totaal |
| 1976 | - | - | - | 80,7 | 2,9 | 83,6 |
| 1979/80 | 69,76 | 21,12 | 90,88 | - | - | - |
| 1980/81 | 85,0 | 19,0 | 104,0 | - | - | - |
| 1981/82 | 50,0 | 25,0 | 75,0 | 65,2 | 19,9 | 85,1 |
| 1982/83 | 37,0 | 23,0 | 60,0 | 60,0 | 20,0 | 80,0 |
| 1983/84 | 61,0 | 22 | 83,0 | 81,0 | 25,0 | 106,0 |

AANTAL GEREGISTREERDE KWEKERYE IN DIE R.S.A. VANAF 1979/80 TOT 1983/84

| Jaar | Aantal geregistreerde kwekerye |
|---|---|
| 1979/80 | 2 656 |
| 1980/81 | 2 793 |
| 1981/82 | 2 721 |
| 1982/83 | 2 900 |
| 1983/84 | 2 800 |